


# Gesprekspalet

Saam met God

> *Die groot Kunstenaar nooi ons om saam met Hom te skilder…*

**12 April 2026**

## Ruimtes vir lewe

### Ons word voorgestel aan vandag se palet (inleiding)

Kry ‘n potplant of iets soortgelyk in die huis en gesels saam oor die volgende vrae:

- Wie van julle het groen vingers en hou daarvan om in die tuin of met plante te werk? Vertel ons daarvan...
- Wat het hierdie plant nodig om te kan ***lewe***, te groei en selfs te floreer?

So het God ook vir ons ruimtes in die lewe geskep om binne te lewe. Wat sou julle sê het ‘n mens binne sy of haar ruimte nodig om te kan **lewe**, te groei en self te floreer?

- Lys die dinge wat julle as belangrik of nodig ag vir **lewe**.

### Ons sien die kleure op die palet – ons luister na God wat ons saamnooi

**Lees Genesis 1:1-2:4**

Laat ‘n kind die teks ‘n tweede keer lees.

Ons gesprek begin deur **na God te luister**. Ons glo dat God die sonlig is en dat Sy lig deur die loodglasvensters van die Bybel op ons lewens val.  Ons gaan die Bybelteks een keer saam deurlees.  Met die eerste lees probeer ons doodgewoon om kennis te neem van die inhoud. Met die tweede lees onderstreep ons die **woorde of gedagtes wat vir ons uitstaan**. Wat is die groot temas van hierdie teks




en wat wil die teks vir ons ten diepste sê?  Deel dan met mekaar wat vir julle uitstaan.  Wat praat tot jou hart?  Waaroor het jy nie duidelikheid nie?

## Die kleure waarmee ons werk (teologiese agtergrond)

Daar is meer as 1 skeppingsverhaal in die Bybel. Daar is 2 in Genesis... *(of dalk meer as jy dink aan Genesis 6 se herskepping of van die Psalms soos 33, 74:12–17,  89:5–13 en 104).* **Genesis 1 en 2-3 se skeppingsverhale verskil** in **volgorde** en **hoe** daar geskep is, **tyd** wat die verhaal ontstaan het, die **naam wat vir God** gebruik word, asook die **genre** waarin dit geskryf is. Die redakteur wat Genesis saamgestel het, het begin met die nuwe verhaal,  Genesis 1, vir ‘n goeie rede... want die Inleiding van die Boek behoort die bril te bepaal waarmee jy die res van die Boek lees.

Hierdie eerste skeppingsverhaal is ‘n **verhoogde prosa** wat neig na digkuns. Dit skep die ervaring en gevoel van lof en aanbidding. Net soos in die kindermoment, beskryf hierdie skeppingsverhaal 3 ruimtes (dimensies) wat ŉ mens nodig het vir lewe. In die eerste 3 dae word **ruimtes vir lewe geskep** en uitgelig in dag 1-3 met **lig | see & hemel | droë land en plante**. Dag 4-6 brei dan uit op dag 1-3 deur elke ruimte met lewe (en beweging) te vul. Waar al 6 dae aanmekaar **verweef** word met die herhaling *van “So het dit gebeur”, “God het gesien dit was goed”* en *“Dit het aand geword en dit het môre geword” (Wat duidelik nie evolusie of ŉ wetenskaplike logiese orde van skep probeer beskryf nie, maar digkuns is)*.

> *In die begin het God die hemel en die aarde geskep. [2]Die aarde was heeltemal* ***onbewoonbaar (woes en leeg)****, dit was* ***donker*** *op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.*

Die antieke mense het geglo dat boosheid of seemonsters in die diep **watermassas** geleef het. ‘n Mens kan sê dit is die **magte en kragte van chaos in** ons lewe. God is teenwoordig in die chaos en alles wat lewe sou kon bedreig. Dus kom die **Skepper van Lewe** en orden die wêreld so dat daar ruimtes vir lewe is. God is die Skepper en gewer van lewe. Hy bewaar en onderhou dit!

Hierdie Skeppingsverhaal reageer ook op die baie ander skeppingsverhale wat daar in die Midde-Ooste was.

Die “donker” (*gosheg*) verwys na ’n wolk wat skeiding bring, God wegsteek, soos in Egiptiese *skeppingsverhale*, *Sinai*-gebeure en selfs die *Sheol*. Teenoor die *Babiloniese skeppingsverhaal* en verstaan van God, maak God Homself sigbaar en leef self naby die mens.

## Ons meng die kleure – ons luister na mekaar

- **Eerste vraag betrek die kinders** - God het in dag 1-3 ruimtes vir lewe geskep en dit met dag 4-6 kom vul... watter een van hierdie 6 is jou gunsteling en vertel ons waarom jy so sê.

- Die struktuur van die verhoogde prosa/gedig herhaal met die woorde *“So het dit gebeur”, “God het gesien dit was goed”* en *“Dit het aand geword en dit het more geword”. Wat is vir julle opvallend nadat God die mens geskep het in die struktuur en waarom dink jy sou Genesis dit so hanteer?*
- Wat glo jy beteken dit om as ‘n verteenwoordiger van God (beeld) geskep te wees? Wat is die implikasie daarvan vir jou lewe vandag?
- As jy Genesis 1 lees as die inleiding van die Boek, wat dink jy sou die fokus of bril wees waardeur jy die res van God se storie moet lees?

## Die prentjie van my wêreld tuis

God het vir ons ruimtes van lewe geskep...

- **Eerste vraag betrek die kinders** - hoe sal ‘n huis lyk waar ‘n mens soos ‘n blom gelukkig kan wees?
- As God se verhaal met seën en lewe begin, wat glo jy is God se plan of bedoeling vir die ruimtes waarbinne jy lewe?
- As God orde vanuit chaos skep (vers 2 waar die diep waters na bose magte of magte van chaos verwys), hoe beleef jy het Hy orde in jou wêreld gebring?




## Ons maak ons vingers vuil (God stuur ons)

God stuur ons om saam met Hom hierdie wêreld kleur te gee deur wat Hy ons in die gesprek van bewus gemaak het.

- Hoe kan jy hierdie week ‘n verteenwoordiger van God wees?

## Ons bid saam

Hier hoor ons bymekaar waarvoor ons vir mekaar kan bid (ook deur die loop van die week).

Ons word **stil**... in die stilte praat ons met God oor iemand vir wie ons graag voorbidding wil doen.

Ons sluit af deur saam in die groep te bid...

> *Here, ons Skepper en Gewer van lewe, ons kom na U met dankbaarheid. U het orde gebring uit chaos, lig uit duisternis, en ruimtes geskep waarin lewe kan floreer. Leer ons om nie vas te val in verdeeldheid oor hoe U geskep het nie, maar om U hand raak te sien in alles wat goed is. Dankie dat U ons as deel van U skepping gemaak het, om te leef, te sorg en te groei. Help ons om die ruimtes van lewe raak te sien en daarin te leef — met liefde, vreugde en verantwoordelikheid. Onderhou ons, Here, en lei ons om U skeppingswerk te weerspieël. Amen.*